# Boekbespreking

Van Bruggen, J *Het huwelijk gewogen*. Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland, 1978, 139 pp.

Die skrywer van hierdie werk is hoogleraar in Nuwe Testament aan die theologische Hogeschool, Broederweg, Kampen. In die werk gaan dit om 'n eksegeties-sistematiese studie van 1 Korinte 7.

Onder die verskillende temas wat in hierdie boek behandel word, tref ons sake aan soos die christelike huwelik, die ongehude staat, die egskeiding, gemengde huwelike en die uitsiglose huwelik. Die trant is behoudend en vele behartenswaardige dinge word gesê. Nogtans is dit jammer dat die skrywer nie meer in gesprek getree het met moderne teorieë oor die seksualiteit en die huwelik nie. In hierdie verband dink ek byvoorbeeld aan die uitstaande, fragment van A A van Ruler oor die sewende gebod wat in sy posthume bundel, *Laat heel de aard' een loflied wezen*, opgeneem is. Derhalwe bevat die boek min verrassings en help dit die leser nie juis om 'n vars blik op moderne vraagstellinge rondom die huwelik te kry nie.

Miskien is die rede hiervoor die sterk eksegetiese inslag van die werk. Iemand wat 'n eksegetiese studie van 1 Korinte 7 wil maak, kan kwalik bekostig om hierdie boek mis te loop, omdat dit 'n deeglike samevatting is van argumente en standpunte wat in die verlede op die uitleg van hierdie Skrifgedeelte betrekking gehad het en steeds het. Die skrywer maak op bepaalde problematiese punte 'n eie keuse wat hy telkens met argumente en verwysings onderhou.

Voorbeelde daarvan is die volgende. In vers 4 verkies hy dat in plaas van "... moet elke man sy eie vrou *hê*" soos volg vertaal moet word: "... weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy vrou te *behou*." Die skrywer betoog dat die apostel hier nie die noodsaak van die huwelik in die gevare van onsedelikheid probeer grond nie, maar dat dit vir hom gaan om sekere Christene in Korinte wat gemeen het dat hulle huwelike wat hulle gesluit het toe hulle nog heidene was, vanself deur hulle bekering tot niet gemaak word.

Ten opsigte van die "brand" in vers 9 wat in die nuwe Afrikaanse vertaling opgeneem word as "om deur hartstog verteer te word", pleit hy vir 'n eskatologiese interpretasie. 'n Vertaling sou dan soos volg lei: "... want dit is beter om te trou as om (eendag) in die brand (van die gerig) te beland."

In verse 17, 20 en 24 kry ons 'n gedagte wat in die nuwe Afrikaanse vertaling geïnterpreteer is as: "... elkeen moet bly in die omstandighede waarin hy was toe God hom geroep het." In 'n betoog wat ons op drie bladsye (pp 81, 83 en 84) aantref, pleit die skrywer dat dit waarin die geroepene moet bly nie sy vorige omstandighede is nie, maar die *roeping* waarmee hy geroep is.

In die nuwe vertaling lees ons aan die begin van vers 34: "... en sy aandag is verdeel." Die skrywer betoog egter dat die apostel hier die onderskeid tussen vrou en maagd in gedagte het en beroep hom daarvoor op tekskritiese argumente (pp 130 en 131).

Ten opsigte van die moeilike gedeelte 36-38 kies hy, in teenstelling met die nuwe Afrikaanse vertaling vir wie dit hier om verloofde gaan, vir die gedagte dat dit gaan om vaders of voogde wat vermaan word om nie die dogters wat aan hulle sorg toevertrou is, ligtelik in die huwelik uit te gee nie. Hy ondersteun sy keuse met uitgebreide argumentasie in die teks self (p 99 e v) en in 'n bylaag (pp 133-136).

By die lees van hierdie boek het dit my weer opgeval dat daar op teologiese gebied nog nie veel oor die verhouding van die geslagte besin is nie. Met die debat wat 'n ruk gelede in die Nederduitsch Hervormde Kerk oor die vrou en die amp gevoer is (en in 'n sekere sin nog gevoer word), is aangevoer dat die meeste wat tot op hede as Skrifgetuienis oor die rolle van man en vrou in samelewing en kerk aangevoer is, eintlik maar kultureel bepaal is en daarom nie van dwingende betekenis geag kan word nie. Die groot vraag wat nou oorbly, is: wat sê die Bybel nou eintlik oor hierdie groot saak, veral ten opsigte van die algemene rolle van die geslagte, waaraan 'n mens jou kan steur?

J van Bruggen het sekerlik nie so 'n groot saak in gedagte gehad toe hy hierdie boek geskryf het nie. Dit spreek egter vanself dat dit ook daarop betrekking het. Dit is 'n goeie boek en verdien om gelees te word deur elkeen wat in die eksegese van 1 Korinte 7 of die problematiek rondom die huwelik geïnteresseerd is.

(PJvdM)

Dr E D Frackerell, *Teaching Science in a Christian Perspective*, Potchefstroom University for C H E, 1979. Prys 1,00.

Hierdie brosjure van 31 bladsye is 'n uitgawe van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Die skrywer is professor in Wiskunde aan die Universiteit van Sydney in Australië.

Prof B Duvenhage meld in die voorwoord dat hierdie brosjure 'n wesenlike bydrae kan maak om mense oor te haal tot die Christelike wetenskapsbeskouing. Die skrywer self meld voorop dat sy bydrae wil help om Christelike onderwysers leerplanne te laat opstel wat die leerlinge kan bring tot die belydenis van die Psalmdigter (104:24) en die Spreukedigter (9:10).

Sommer gou, op bladsy 2 al, is Kuyper aan die woord. "There is not one square inch over which Jesus Christ may not say, 'Mine'".

Ironies dat mense met sulke standpunte hulle tog wil afsonder in "Christelike skole" en nie bereid is om die Christelike taak op elke duim van die beskikbare skole te gaan uitoefen nie.

Dooyeweerd word vervolgens aan die woord gestel oor twee afgode van die humanistiese wetenskap: Natuur en Vryheid. Verder word dominante eienskappe van die neutrale wetenskap soos outonomie bespreek. Belangrike kritiek word teen die reduksionisme uitgespreek. Dit doen inderdaad te kort aan die ryke struktuur van God se skepping wanneer 'n wetenskaplike alles reduseer tot die aspek van sy eie wetenskap. Soos Descartes alles reduseer tot geometrie.

Hierdiew reduksionisme plaas op wetenskaplike basis 'n vraagteken agter die neutraliteit van die neutrale wetenskap. Ons kan saam met H C M Fourie sê (in sy proefskrif bladsy 56): "Al dat gesnoef over, 'wetenschappelik' en 'objectief' en 'onbevooroordeeld' is niets dan grootspraak. Niemand is zuiver objektief of onbevooroordeeld. De z.g. wetenschappelike mens evenmin als wij. Maar wij erkennen dit en anderen schijnen dit niet te weten of te willen weten wat op zichzelf al heel onwetenschappelik en onnozel is. Wij dragen onze overtuiging overal mee an alles wat wij doen, doen wij uit die overtuiging; anders handelen wij onzedelik."

Wanneer die skrywer die Bybelse beskouing oor natuur nagaan leun hy swaar op dr Harry Diemer. Twee interessante benaderingwyses prikkel tot verdere lees en nadenke. Eerstens word die beskouing dat die Bybelse wonderwerke bo-natuurlik is, afgewys as deel van Thomas Aquinas se dualisme. "I must emphasize that Scripture knows nothing of such a supernatural sphere. It does know of the God who rules over all things, who brings everything to pass according to the counsel of his own will. Scripture never speaks of a suspension in certain situations of the created cosmic order ... According to the Scriptures, wonders are the imcomprehensible deeds and unsearcheable ways of God in the acts of creation, providence and redemption ... Re-creation is neither contrary to nature, nor supra-natural, but instead restores the original nature, the original created cosmic order in which God is to be served and praised ... His signs and wonders enable us to see the original power that man had been given over nature".

Die tweede faset waarna hierbo verwys is, is die blootlegging van die grondlyn waarvolgens alle wetenskap moontlik is. "The thing that makes science possible is that there are regularities in our experience. Part of the task of the scientist is the observation and the investigation of these regularities. This process of formulation of a *general* law on the basis of a *finite* amount of experience is called *induction* ... For the Christian, however, there can be only one proper basis for the possibility of induction, and that is the faithful-

ness of God. God graciously holds himself to his Word of the creation ..."

Die laaste deel van hierdie werkie handel meer prakties oor klaskameroptrede. Veral by hierdie laaste gedeelte wil 'n mens kort-kort vra watter verband dit alles het met die verskil tussen die neutrale en die Chrtistelike wetenskap?

In die algemeen oortuig die werk nie dat die sogenaamde "Christelike wetenskap" as stelsel (?) te aanvaar is nie. Maar ook uit hierdie werk is dit duidelik dat daar komponente is wat legitiem is vir die Christen in sy wetenskapsbeoefening. Daarom meen ek dit behoort nie vir ons te gaan om 'n keuse tussen "Christelike wetenskap" en "Neutrale wetenskap" nie, maar om ons volle Christenwees in ons wetenskapsbeoefening.

Ten slotte wil ek opmerk dat die oorheersende aandeel van byvoorbeeld Kuyper, Dooyeweerd en Diemer, min oorspronkliks oorlaat aan die skrywer.

H G van der Westhuizen

Dr D L Roper, *A Christian Philosophy of Culture*, Potchefstroom University for C H E, 1979. Prys 1,50.

Prof M Elaine Botha verwys in haar voorwoord by hierdie werkie van 73 bladsye na die lang nie-funksionele sitate.

Die opset van die skrywer is om vanuit die oorweging van temas soos mens en kultuur, godsdiens en kultuur, geskiedenis en kultuur 'n Bybelsgefundeerde filosofie van kultuur op te bou.

Kultuur is nie 'n skepping uit menslike krag nie. Maar alle krag kom van God se Woord, wat meer is as die Skrif alleen. "Man simply unfolds the potential of creation – either in obedience or disobedience to the Word of God."

"For all these reasons, *monolatry* (as the *worship and service* of Yahweh) is more fundamental to Biblical *religion* than *monothiesm* (as the *belief* in the existence of one God)." Interessante verwysings (byvoorbeeld na Tillich) en bespreking volg oor godsdiens. Nie wat van hoogste belang vir 'n mens is, is die grondslae van sy godsdiens in die sin van 'n spesiale geestelike funksie nie, maar godsdiens is 'n dimensie van diepte in alle funksies. Wat die mens as hoogste belang ag, word deur die Bybel afgodery genoem indien dit nie God is nie. From the Biblical point of view, then, religion is the totality of man's life realized in the worship and service of God or of an idol."

Die onderskeie asook verbandhoudende komponente van aan die een kant 'n lewens- en wêreldbeskouing en aan die ander kant godsdiens, word enigsins verrykend aangeraak.

Alhoewel hierdie uitgawe grootliks 'n reproduksie van manne soos Dooyeweerd se beskouings is, is dit prikkelende leesstof.

H G v d Westhuizen

Bosch, D J *Heil vir die wêreld.* Die Christelike sending in teologiese perspektief. Pretoria: N G Kerkboekhandel, 1979. 248 pp.

'n Mens word maklik deur die voorkoms van hierdie boek mislei. As 'n mens vinnig daardeur kyk, lyk dit na 'n handboek en dit is trouens ook die primêre bedoeling van die werk. In die voorwoord stel die skrywer dat dit vir "predikante, teologiese studente en geïnteresseerde lidmate" geskryf is. Begin 'n mens dit egter lees, kom jy gou agter dat dit geen ligte leesstof is nie en dat die boek self 'n ernstige poging is om teologie te beoefen.

Die saak waarom dit gaan in hierdie boek is die teologie van die sending. In 'n tyd waarin daar allerweë oor die sin van die sending en die voortbestaan van die sendingwetenskap getwyfel word, kom prof Bosch met 'n rustige en gebalanseerde poging om die situasie in oënskou te neem. Daarin neem hy ons mee in 'n skou van Bybelse, historiese en sistematies-teologiese argumente. Hy help ons om te verstaan hoe die huidige situasie ontstaan het en toon oortuigende riglyne vir die toekoms aan. Die trant waarin die boek geskryf is, is nooit moeilik om te volg nie en daarom sou die boek inderdaad deur geïnteresseerde lidmate hanteer kon word, mits hulle meer as die gewone teologiese agtergrond het.

Die boek bestaan uit die volgende dele: (i) 'n inleidende deel wat handel oor die aktualiteite waarmee daar vandag in 'n sendingteologie rekening gehou moet word; (ii) 'n deel wat handel oor die Bybelse fundering van die sending; (iii) 'n deel waarin gekyk word na die wyse waarop sendingteologiese gedagtes in die geskiedenis van die sending ontplooi en toepassing gevind het en (iv), laastens, 'n deel waarin riglyne vir 'n teologie van die sending uitgestippel word. Die boek bevat verder 'n goeie bibliografie (naas uitvoerige voetverwysings), 'n lys van Skrifverwysings, 'n persoonsregister en 'n sakeregister – alles dinge wat die waarde van die boek as handboek verhoog.

Dit sou nie onbillik wees om te beweer dat die swaartepunt van die boek in die derde deel lê nie. Waar die meeste ander sendingteologiese werke in hulle historiese terugblikke gewoonlik met die bydraes van sendingwetenskaplikes uit die verlede volstaan, rig prof Bosch hom eerder op die daadwerklike sendingpogings van die verlede en die teologie van die sending wat uit hulle praktyke blyk. Dikwels bring dit mee dat daar ook na die sienswyses van bepaalde sendingwetenskaplikes van die verlede gekyk word, maar slegs vir

sover hulle 'n daadwerklike invloed op die sendingbenadering van hulle tyd uitgeoefen het. Die voordele van hierdie benadering spreek vanself: daar word nie onnodige aandag verspil op obskure figure wat miskien in die lig van vandag se insigte belangrik is, maar in hulle eie tyd weinig invloed uitgeoefen het nie. So word ons gehelp om die historiese lyn tot in ons eie tyd te volg en ons eie situasie beter te verstaan.

Die boek het 'n sterk beskrywende inslag. Dit wil egter nie sê dat ons onder die beskrywinge nie iets van die skrywer se eie standpunte wys word nie. Soos te verwag, word dit die duidelikste uitgespel in die laaste deel van die boek. Daaruit blyk 'n behoudende teologie en 'n strewe om deurgaans 'n gebalanseerde oordeel te handhaaf. Daarin slaag die skrywer myns insiens wel. Die werk spreek van diepsinnige, teologiese aanvoeling, nie net as sendingwetenskaplike nie, maar ook algemeen teologies. Derhalwe verdien die boek 'n wyer leserskring as slegs vakgenote.

Dit is nie moeilik om te voorspel dat hierdie boek 'n suksesvolle handboek in teologiese fakulteite gaan blyk te wees nie. Tegelyk met die Afrikaanse uitgawe het daar ook 'n Engelse uitgawe, genaamd *Witness to the world,* in Londen en Atlanta verskyn. Die skrywer word met hierdie boek gelukgewens.

(PvdM)

Lukas Vischer, *Fürbitte* Uitgewers Otto Lembeck Frankfurth am Main, 1979. Sagte band.

Hierdie boek is 'n poging om die gebed en meer spesifiek, die voorbidding van en in die kerk te plaas binne die raamwerk van die huidige ekumeniese strewe. Dit word ook duidelik ter inleiding gestel dat daarmee nie slegs bedoel word dat vir eenheid in die algemeen gebid word nie, maar wel vir bepaalde probleemvelde en gebiede. Deur hierdie voorbidding van die kerk word hy dan ook gelei tot die daadwerklike betoning van sy solidariteit. "Die Fürbitte für alle Kirchen, die den Namen Christi anrufan, ist darum ein ständiger Protest gegen den Status quo der Trennung" (bls 10).

Om hierdie uitgangspunt te illustreer en te motiveer ontleed die skrywer die karakter van die voorbidding soos dit aangetref word by Israel, by Jesus Christus self en in die gemeentes van die Nuwe Testament. Uit die getuienis van die Ou Testament, maak hy die afleiding dat elke voorbidder as 'n mens geskilder word wat by magte is om deur sy voorbidding God te "beïnvloed". Voorbidding word verstaan as 'n krag wat kan verlos, red en straf. Die voorbidding vir en van die volk staan altyd in 'n noue verbondenheid met die roeping van die volk Israel. Voorbidding los egter nie onmiddel-

lik alle probleme op nie, omdat die voorbidding die gehoorsame antwoord van die volk voorop stel. Die voorbidder ontwikkel tot die spreker van die volk by God, maar ook omgekeerd as die spreker van God wat die volk tot bekering roep. In die gestalte van die Kneg van die Here word hierdie gedagtes saamgevat as hy die opdrag tot voorbidding tot die end deurvoer in soverre dat hy ook die oordeel van God oor sy volk dra. Die verbinding van voorbidding en offer verbreek die spanning tussen die genade en geregtigheid van God. Die vrywillige lyding van sy Kneg, open die weg na die toekoms.

In Jesus Christus word die rol van die Voorbidder, wat tegelykertyd Middelaar, maar self ook Offer is, sterk beklemtoon. Omdat al hierdie eienskappe in Homself verenig is, is Hy tegelyk ook Voorspraak vir sy volk. Hy noem die gebed van Jesus in Johannes 17 'n profetiese voorbidding, waarin duidelik die eenheid in die geloof na vore kom. Hy probeer op 'n ietwat gedwonge wyse aantoon dat sy voorbidding vir die dissipels in sy diepste wese voorbidding vir die wêreld is. In Hom is voorbidding vir mekaar moontlik.

Hy stel dat Paulus met sy voorbidding op die situasie van die gemeente ingaan. In sy voorbidding figureer die solidariteit in die lyding ter wille van die evangelie sterk op die voorgrond. Die hele gemeente is in hulle rol as priesterskap van die gelowiges verbind om vir mekaar en die wêreld te bid. Hierdie voorbidding bly nie by die abstrakte gebed nie, maar kry konkrete gestalte in byvoorbeeld die kollekte vir die gemeente in Jerusalem. Voorbidding en nagmaalsviering is ook ten nouste verbonde, want daardeur kom, volgens hom, die gemeenskap van die ganse kerk en wêreld in die gesigsveld van die gelowige.

As versperring in hierdie eukumeniese strewe staan byvoorbeeld die roomse gebruik van Maria en die heiliges as eintlike voorbidders. Hy probeer op gedwonge wyse die probleem oorbrug deur die Marialogie te stel in die lig van die wolk van getuies, waarvan Hebreërs praat. Die eie liturgie kan nie die grense van die ekumeniese voorbede beperk nie.

In die slothoofstuk wil hy sy gevolgtrekkings prakties toepas deur te sê dat die geskeidenheid van kerke oorbrug kan word deur voorbidding te koppel aan danksegging. Hierdie danksegging vir mekaar strek oor kerkgrense heen en open die weg vir ekumeniese voorbidding. Hierdie voorbidding is op sy beurte die inleidende akte tot solidariteit. Voorbidding lei tot selfondersoek en kritiek, naamlik in hoeverre is die eie tradisie 'n belemmering vir die ander.

Voorbidding vir mekaar vereis ook kennis van mekaar, wat alleenlik moontlik is deur persoonlike kontak en gesprekvoering. Sodoende kan abstrakte algemeenhede vermy word, deur vir 'n besondere groep en situasie te bid. Hieruit volg die vanselfsprekende stap dat 'n bepaalde keuse uit die spektrum van kerke die objek van

voorbidding moet word. Hierdie keuse word dan veral bepaal deur die mate van lyding, vervolging en diskriminasie wat gelowiges moet verduur. Hiervandaan word op politieke vlak voortgeborduur. Die kerk het die opdrag om geregtigheid in die gemeenskap te laat seëvier en moet daarom protesteer wanneer fundamentele menseregte aangetas word. Hierdie verantwoordelikheid lei tot voorbidding, protes en solidariteit.

In geheel beskou is daar baie waardevolle en insiggewende perspektiewe rakende die gebed in hierdie werk te vind. Met sy konklusies word dit, egter duidelik dat hierdie werk deel vorm van die hedendaagse ekumeniese strewe. In hierdie strewe word baie goeie en positiewe stellings gemaak. Uiteindelik swig die skrywer egter voor die versoeking om saam te sing in die koor van diegene wat die ekumenise strewe misbruik vir die bevordering van 'n bepaalde politieke ideologie.

T F J Dreyer
(Brits)

W S Duvekot, Zal Jezus Joden en Christenen Verenigen?, Boeken centrum B V 's Gravenhage, 1979 181 Bladsye

Die skrywer is 'n besondere kenner van die Bybel en die Joodse volk. In 1972 promoveer hy in Amsterdam met die dissertasie "Heeft Jezus Zichzelf voor de Messias gehouden." Die skrywer het verskillende reise in Israel onderneem. Aangrypend deur dit wat hy gesien, gehoor, beleef en gelees het, het hy diepgaande besin oor die vraag of Jesus nie miskien Jode en Christene weer bymekaar sal uitbring nie.

Duvekot neem verskillende faktore wat die verwydering tussen Jood en Christen beïnvloed het. Die vernaamste faktore is die Christene se houding teenoor die Jode in die verlede en die Jode se bepaalde opvattings in verband met Jesus Christus. Hy toon aan dat sedert die kruisiging van Jesus Christus die haat teenoor die hode gegroei het totdat dit sy hoogtepunt bereik het met die laaste wêreldoorlog. Diskriminasie teenoor Jode, openlike vyandskap teen hulle, is volgens hom feitlik 'n alledaagse verskynsel onder Christene. In die verlede het selfs wetgewing om die haat teenoor die Jode aan te blaas, voorgekom. Kerklike bepalings om dié haat te sanksioneer, het selfs nie ontbreek nie. Met hierdie feite in die agterkop is dit feitlik 'n vanselfsprekendheid dat die Jood nie sal wil luister as die Chrtisten met hom 'n gesprek wil voer nie – des te meer omdat die Christelike kerk daarop aanspraak maak dat hy by uitnemendheid verkondiger van die liefde is. Die Jood se optrede teenoor Jesus Christus in die verlede en hulle opvattings in verband met Hom, is die ander pool wat die kommunikasie tussen Jood en

Christen blokkeer. Hulle, so word gesê, het Hom na die Kruishout gestuur. Hulle kry alleen die skuld daarvoor. Die rol van die Romeinse owerheid, en die aandeel wat elke mens sonder uitsondering aan Christus se dood het, word vergeet. Met betrekking tot Jesus Christus is daar veral twee kernfeite wat vir die Jood onaanvaarbaar is: Hy is nie die Messias wat hulle verwag nie. Hy is nie die Seun van God, ja God self nie. Soos Kajafas en sy mense reeds gesê het: dit is vir die Jood niks anders as godslastering as beweer word dat Jesus Christus, God is. Die Joodse Messiaanse opvattings is materialisties van aard – hulle het 'n "wêreldse, 'n brood en botter" Messias verwag. Hulle het 'n Messias verwag wat sigbare vrede op die aarde sou bring. "Jesus was niet de Messias, want de wêreld is nog niet verlost" (bladsy 152).

Duvekot pleit baie sterk dat Jood en Christen oog, oor, hand en hart vir mekaar sal kry – hy pleit vir vereniging en harmonie tussen Jood en Christen. Hy pleit hoegenaamd nie dat die verskille maar gerieflikheidshalwe vergeet moet word nie. Die verskille moet bygelê word. Gedring deur liefde vir die waarheid moet Jood en Christen saam gaan praat. Daar moet saam gesoek word na 'n gemeenskaplike punt vanwaar hierdie gesprek kan plaasvind. Volgens die skrywer is hierdie punt Jesus Christus. Hy wat in die verlede beskou is as die skeidingsfaktor het nou die verenigingsfaktor geword. Waar Jesus Christus in die verlede feitlik geen plek gehad het in die Joodse denke nie, het die situasie nou volkome verander. Jesus Christus het tans vir die Jode 'n werklikheid geword oor wie baie gepraat en gedink word. Die skrywer verwys en bespreek in hierdie verband geskrifte van Joodse skrywers soos Schalom Ben-Chorin, David Flusser en Pinchas E Lapide. Hoewel Jesus nie erken word as die Messias nie, beskou hierdie skrywers Hom almal "als een markante Joodse persoonlijkheid van profetische betekenis" (bladsy 141). Hierdie besondersheid van Jesus Christus is die basis waarop gewerk moet word. Met hierdie basis as agtergrond sal veral aan die volgende drie sake aandag gegee moet word: die godheid van Jesus Christus, die onverlostheid van die wêreld ondanks Jesus Christus se koms (was Hy die Messias) en die lyding van Jesus Christus en die skuld van die Jode daaraan (bladsy 163). In hierdie gespreksproses sal die partye hulle moet laat lei deur die Gees van God. Hierdie werk kan alleen in die geloof aangepak word.

'n Verrassende uitspraak is die feit dat die skrywer oog het vir die verskille wat daar bestaan tussen verskillende volke op kulturele en ander vlakke en dat hierdie verskille nie deur die geloof in die niet verdwyn nie. "Ofschoon alle mensen gelijk zijn, omdat zij allen het Evangelie nodig hebben, heeft God hen toch geschapen in de grote verscheidenheid van enkelingen en volkeren. In de Verenigde Staten zijn veel wijkkerken die gevormd worden door bepaalde gemeen-

schappen: negers, Spanjaarden, Koreanen, Japanners en vele anderen. Daarom is het de meest natuurlijke weg dat in streken met een grote Joodse bevolking een Messiaans-Joodse gemeente gevormd wordt. Deze heeft juist de mogelijkheid om de scheidsmuur tussen Jood en heiden af te breken, omdat ze in deze gemeenten samen een zijn. Het is verkeerd, wanneer een Jood, als hij Christen wordt, zijn Joodse achtergrond probeert te vergeten en zich aanpast aan de niet-Joodse leefgewoonten en godsdienstige gebruiken. Zo is het veelal wel gegaan en daardoor vervreemde men van het enigen volk" (bladsy 122).

Tot die gesprek, die goeie gesindheid en wedersydse begrip tussen Christen en Jood het Duvekot 'n baie groot bydrae gelewer. Hierdie boek is 'n noodsaaklikheid vir ons kerk se raad vir die arbeid onder die Jode en vir die ampsdraers en lidmate van die kerk.

M J du P Beukes

P B Boshoff, *Sinkretisme in die Ekumene van die Twintigste Eeu*, ongepubliseerde DD- proefskrif, U P 1979.

Hierdie proefskrif het ek graag en met klimmende waardering gelees. Om drie redes veral is dit lekker om hierdie bekroning van ons kollega se akademiese studie te ondersoek. Eerstens is die tema nie te wydlopig of vermoeiend vanweë 'n oormassa nie. Dit beslaan inhoudelik net 193 bladsye. Tweedens het die skrywer 'n opvallende eie styl. Hy skryf in kort sinne, soms kortaf. Derdens is die aktuele onderwerp insiggewend en prikkelend behandel.

Die skrywer is blykbaar nie lief vir gewone, soms betekenislose, konvensies nie. Die lang lys van dikwels minder bedoelde dank teenoor wie weet almal, ontbreek geheel en al, en is vervang met 'n voorwoord wat uit 'n enkele sin bestaan! Die voetnootverwysings in die teks aan die begin van 'n sin is nie vir almal ewe goed nie. Skrywer handhaaf in 'n groot mate ook 'n individuele spel- en punktuasiereëls. 'n Bietjie steurend is byvoorbeeld ook die volgende: Bod*d*disme (bl I), enige oplossing o*p* poging tot (bl II), teori*ë* ensovoorts (bl 7), Philippos met een 1 en dan weer met twee (bl 35), Dostoievsky en Dostoevsky (bl 58/59, a*g*ressiewe (bl 80), geakko*m*odeer (bl 97), oorskre*i* (bl 192), ensovoorts. Kommas ontbreek dikwels (byvoorbeeld bl 94, 144 ensovoorts). Die skrywer laat mens soms wonder of sekere stellings nou bedoel is as die skrywer se standpunt of as die standpunt van iemand anders waaroor dit gaan. Met ander woorde soms is gedeeltes vir die leser onduidelik. Maar by die konklusie van elke hoofstuk word dit dan opgeklaar dat dit net die leser was wat onduidelikheid het – nie die skrywer nie. Inteendeel!

Hierdie voorbeelde van kritiek word slegs om een rede vermeld:

Die Raad vir Ekumene behoort ernstig aandag aan die proefskrif te gee en dit te oorweeg om die skrywer te vra dat dit in meer populêre vorm persgereed gemaak moet word.

Ter stawing van die noodsaaklikheid dat die inhoud op 'n breër front gelees moet word, wil ek graag 'n paar uittreksels uit die proefskrif maak.

"Vir Karl Marx (1818-1883) is die verskillende godsdienste nie ewe waar nie, maar ewe onwaar ... Die godsdienste van die Jood en die Christen verteenwoordig verskillende ontwikkelingsfases van die menslike gees, mens moet hulle herken as verskillende vervellings wat deur die geskiedenis agtergelaat is en die mens as die slang" (bl 28).

"Die ware Helleen het die nasionale beperking waarin hy hom bevind het, afgeskud om oor die ekumene te regeer ... Die polis word deur die ekumene vervang "(bl 37)." ... Toe Asië ook verower word, was die Grieke die eerste wat die implikasie van die Romeinse uitbreiding besef het en hulle noem die Romeinse Ryk ekumene" (bl 39).

"Luther het nie van die woord katoliek gehou nie omdat dit hom herinner het aan die Roomse hiërargie. Dit is moontlik hy wat eerste die belydenisse van Nicea – Konstantinopel, Athanasius en die Twaalf Artikels ekumeniese belydenisse genoem het" (bl 49).

"Die man wat in die 20ste eeu gesorg het dat ekumene die inslag gekry het wat dit wel het, was Nathan Söderblom (1866-1931), Lutherse aartsbiskop van Uppsala ... Dis Söderblom wat eerste die beeld wat later bekend in ekumeniese kringe geword het, gebruik het: Ons almal staan op die omtrek van 'n sirkel waarvan die middelpunt 'n kruis is. Wanneer almal na die middelpunt kom, kom ons ook nader na mekaar" (bl 53).

Die ekumene sien dit nie as hulle taak "om 'n nuwe godsdiens saam te stel nie, maar die verskillende godsdienste moet in mekaar vloei en die mens moet gaan staan waar hulle mekaar ontmoet" (bl 91).

Die skrywer gaan histories-krities vanuit sy tema oor die ontstaan van die begrippe sinkretisme en ekumene. Dan gaan hy ná hoe hierdie begrippe gegroei het of hanteer is in die konferensies van Edinburgh 1910, Jerusalem 1928 en Tambaram 1938. In 'n hoofstuk oor die verhouding Ou Testament : Nuwe Testament, waar gehandel word oor die sogenaamde aanknopingspunte, sodat Ou Testament met ander godsdienstige geskrifte as praeparatio evangelica vervang kan word, gee die skrywer ook 'n eksegese oor Markus 5:1-20, die genesing van die man van Gerasa met Legio. "Die Openbaring van God knoop nie aan by een of ander godsdienstige orgaan van die mens nie, maar knoop vas aan sy sonde en ongeloof" (bl 136).

Die onderskatting van die sondeval en wanwaardering van die

vleeswording van Christus in die ekumene, word al duideliker soos die twintigste eeuse ekumene vorder. "God het die hele wêreld geskep en verlos en dit beteken dat 'n gehoorsame kerk hom moet beywer vir 'n gelyke verdeling van welstand en geleenthede" (bl 157). Emil Brunner het reeds in 1948 gewaarsku: Justice means equality (bl 157). Na Moltmann word verwys wat sê dat die mens met die totstandkoming van die finale einde aktief, selfs met geweld, besig moet wees.

"Die groot sonde van die mens is nie dat hy soos God wil wees nie, maar dat hy swak is, dat hy nie wil wees wat God van hom verwag nie. Die einddoel waarvoor almal moet werk is die Ryk van God en hierdie Ryk sal deel van die geskiedenis wees: (bl 158).

"Volgens Marx en Engels onderskei die mens homself van die aap deur sy werk. Deur sy werk skep die mens homself. Die revolusionêre teoloë sluit hierby aan ... Die eintlike sonde van die mens is sy neiging om buite sy werk om, nog iets te wil weet. Die waarheid is in die daad van die mens geleë (bl 159/60). Dit verklaar natuurlik waarom ons deesdae so baie die politici hoor sê: tyd vir *praat* is verby. Nou moet daar *gedoen* word! Die ekumene sluit toelogies by die marxisme in hierdie verband aan deur te meen "dat die opstanding van Christus op Sondag, die eerste werksdag van die week, beteken dat elke werksdag 'n sakramentele karakter kry" (bl 159). Christus sou dus in die skepping wat deur die sonde 'n bietjie verdonker is, weer die nuwe faktor, lig, gebring het. Hierdie faktor werk in die hele skepping en almal word en moet daardeur bevoorreg word.

"Dietrich Bonhoeffer het ook rebelleer (teen Hitler), maar hy het nie alles van die mens se eie dade verwag nie. Kort voor sy dood skryf hy uit die gevangenis oor die Sabbatsgebod: Anders as wat ons sou dink, het die Tien Gebooie nie 'n gebod wat ons verplig om te werk nie, maar 'n gebod dat ons van ons werk moet rus. Dat ons sal werk is vanselfsprekend, maar God weet dat die werk van die mens so 'n mag op hom uitoefen dat hy alles van sy werk sal verwag en van God vergeet. Die mens leef nie van sy werk nie, maar van God se genade" (bl 162).

Belangrike riglyne vir die praktiese politiek, kan in die volgende sitate herken word. "Kierkegaard haal Plato aan wat sê dat 'n mens net iets goeds kan verwag wanneer die mense wat glad nie daar wou gewees het nie, in die leiersposisies beland. Onwilligheid is 'n waarborg dat iemand goed sal regeer, terwyl die ambisieuse mens maklik sy mag sal misbruik om te tiranniseer. Hierdie stelling kan op die gelowige van toepassing gemaak word. Die Christen word deur die kerk tot geloof gewek en so van sy eie belang bevry om sonder eiegewin aan die lewe en politiek rondom hom deel te neem. Dis juis die gelowige wat die moed moet hê om met hierdie kuns

van die moontlike (die politiek word só teenoor die revolusionêre politiek genoem omdat egn. nie soos lgn. die onmoontlike, naamlik heilsdade, op die oog het nie – H G v d W) om te gaan, want wie sal dit beter kan doen as hy? Wat die kerk nie kan doen nie, doen die gelowige. Die Kerk neem sy verantwoordelikheid vir die relatiewe welstand van hierdie wêreld deur sy lidmate waar. 'n Gelowige mag rebelleer wanneer dit vir hom na 'n verstandige politieke beslissing lyk en hy dit met 'n goeie gewete kan versoen. Kerke mag nie rebelleer nie, want daar sal lidmate wees wat dit nie kan verantwoord nie. So 'n beslissing met die waagstuk van die geloof daaraan mag niemand van iemand anders afneem nie. Elke mens moet sy eie beslissing neem. Dis net die lidmate wat geloofsbeslissings neem, nie die kerk nie. Dis nie die kerk wat glo en vergifnis van sonde ontvang nie, maar die lidmate. 'n Kerk wat politieke beslissings neem, is oorbodig want daar is ander groepe wat dit beter kan doen" (bl 164).

Dit blyk dat in verband met die ekumene sinkretisme drie belangrike betekenisnuanses het. Eerstens dat sin-kretisme, soos Plutarchus die oorsprong van die woord aandui, die saamspan van die kretensers is teen 'n gemeenskaplike vyand. So 'n vyand noem Moltmann: universal suicide (bl 30). Die tweede betekenis skakering van sinkretisme in verband met die ekumene is vermenging. Omdat alle godsdienste basies dieselfde sou wees, kan die beste daaruit gedistilleer word, deur almal te vermeng en die ekstrak te tap. Die derde nuanse is die basiese in die moderne ekumene – naamlik samevoeging. Hiervolgens moet elke godsdiens soos 'n mosaïekblokkie saamgevoeg word met die ander om die groot patroon, die ware beeld, die Waarheid, te aanskou. Met die oog op hierdie eenwording in samevoeging, speel dialoog die vernaamste rol in die ekumene. Vandaar 'n teologie van dialoog (bl 186). Omdat menslike filosofie en spekulasie hiermee in pariteit met die openbaring van God gestel word, stem ons in met Boshoff: "Indien ons sou aanvaar dat elke godsdiens en ideologie dele van die groot organiese geheel is, veronderstel dit dat ons die geheel reeds ken en dit is onmoontlik ..." (bl 189).

Dit is altyd 'n evangeliese ervaring om dergelike woorde herhalend te lees waarmee Boshoff afsluit deur sy eie standpunt samevattend te stel: "Hoe meer ons die uniekheid van Jesus Christus, onse Heer, erken en bely, des te meer word die wydte van sy heerskappy vir ons onthul. En dit bly sy heerskappy" (bl 193).

H G v d Westhuizen

Douglas J Elwood (Hrsg) *Wie Christen in Asien denken* Ein theologisches Quellenbuch 1 Auflage 1979, 320 Seiten, DM 28,–.

Es handelt sich bei dieser Sammlung nicht lediglich um eine – vielleicht ganz interessante – dokumentation exotisch oder blumenreich metaphorischer theologischer Gedankengewächse.

Die einzelnen Beiträge sind erregend aktuell. Sie zeigen ein faszinierendes Bild theologischer kraft und schöpferischer Mannigfaltigkeit christlichen Denkens im heutigen Asien. Die entscheidende Problematik aller Beiträge verdichtet sich in zwei Fragen:

1. Wie sieht das Typische der christlichen Botschaft im Kontext zentralen asiatischen Denkens aus? Oder allgemeiner: Wie bekennt eine christeliche Kirche ihren Glauben in einer Gesellschaft die vorwiegend durch andere Religionen und Weltanschauungen geprägt ist?

2. Wie kann die, auch in den fernen Osten wirkende westliche Theologie von griechisch hellenistischen Einflüssen, den Dogmen der Kriche, den Lehren der Kirchenväter und Reformatoren gereinigt werden, das mit der gesamten abendländischen Kultur- und Geistesgeschichte befrachtete Christentum von der Patina der Jahrhunderte befreit und – der japaner Hideo Ohki forderte das schon 1962 in seinem Buch über Emil Brunner – das asiatische Denken aus seiner "deutschen Gefangenschaft" herausgeführt werden?

Das Christusbekenntnis aus den verschiedenen Kontexten sollte nicht nur zur Kenntnis genommen werden, es sollte vielmehr gegenseitig inspirieren und korrigieren.

Bogenoemde opmerkings in Duits oor hierdie publikasie is op versoek van die uitgewers.

Die inhoud van hierdie lywige boek wat ongerieflik fyn gedruk is, is saamgestel uit bydraes van 'n sewentiental skrywers, plus rapporte wat voor kerklike vergaderings in Asië gedien het. Dit is onmoontlik om in 'n resensie 'n bevredigende beeld van hierdie omvangryke verskeidenheid te gee.

Omdat dit so 'n belangrike gebeurtenis is wanneer 'n kompendium van die teologie van 'n hele wêrelddeel in jou hande lê, moet ons enkele aanduidings van waardering en kritiek gee.

Die inhoud is in sewe dele gegroepeer. Deel een handel onderhoudend oor Christelike teologie in Asië. Die probleem van verinheemsing word op so 'n wyse aangesny dat veral ons, met die volkskerk-sendingbeleid, groot waardering vir hierdie uitgangspunte kan hê. Veral die volgende aanhaling is aktueel: "Theologische Ideen werden auf dem Kontinent (Europa) geprägt, in Grossbritannien korrigiert und in Amerika korrumpiert ... und in Asien hineingepresst" (bl 13). Wanneer die sterk neiging soms opduik en selfs by baie bydraes 'n tendens word om die verskillende godsdienste en kulturele te bestudeer, nie om die adres vir die evangelie goed te ken nie, maar om bronne vir die evangelie te eksploiteer, moet ons krities staan.

Deel twee handel oor die mens in natuur en geskiedenis. Hier kry

ons 'n proe van 'n inheemse Christelike teologie waar dit nie net gaan om die vorm van die godsdiens inheems te maak nie, maar om die inheemse inhoudelik vir die teologie te verdiskonteer. Heel gou loop dit uit op die begrip van latente Christene. Trouens die hele publikasie openbaar die tendens dat alle mense in Christus reeds verlos is, sonder om nadere aanduiding te gee van 'n ewige oordeel en die feit dat nie alle mense eenmaal verlos sal wees nie. Die uitverkiesing ontbreek geheel en al.

In die derde deel oor God en openbaring, soos ook in baie ander bydraes, blyk verrassend 'n deeglike kennis van die Westerse teologie. Name soos Barth (bl 104), Calvyn en Luther (bl 88), Kierkegaard (bl 69), Brunner (bl 105), Max Weber (bl 105), Moltmann (bl 111) en vele ander, kom dikwels voor. Hierdie publikasie self kan 'n baie groot rol speel dat ons as Westerse teoloë ook in 'n mate op hoogte kan kom met die Oosterse Christelike teologie. Baie interessant is die bydrae van die Siriese biskop Paulus Gregorios oor die dood van God (bl 115). Hy meen om die oorspronge van die God-is-dood-teologie via die Protestantse en Roomse teologie terug te voer na Augustinus! Hy sluit met die gedagte: "Der mensch kann ohne Vatermord mündig werden" (bl 125). Jung Young Lee lewer 'n lesenswaardige bydrae oor die veranderlikheid-onveranderlikheid van God.

Die vierde deel oor Christus en Christelike lewe openbaar hoë waardering vir die Swart Teologie.

Die vyfde deel bestaan uit 'n sendingteologie. Hier bereik die Nuwe Teologie 'n hoogtepunt in die uitgangspunt dat die stryd om menswaardigheid 'n praeperatio evangelica is. Die sonde en die bose bestaan feitlik alleen in 'n menslike wegwerkbaarheid daarvan. Die kerk word ook opgevorder om die plekbekleder van Christus op aarde te wees (bl 177). Met sinkretisme, as integrasie van godsdienste, word maklik weggedoen deur nie as doel 'n gemeenskaplike religieusiteit na te streef nie, maar 'n gemeenskaplike menslikheid (bl 176). Dan wil dit al lyk asof die gemeenskaplike menslikheid as vervanging van die gemeenskaplike religieusiteit 'n nuwe religieusiteit word. Die ambivalensie van die geskiedenis word totaal negeer. Slegs God handel in die geskiedenis – en meer só in die staat as in die kerk (bl 178). Die Social Gospel, teologie van die revolusie en humanisme is skynbaar 'n heilige drieheid. Met groot interesse begin mens lees op bladsy 189 oor die skepping as 'n missiologiese basis. Die skepping is orde-skepping in 'n chaos. Hierop kan inderdaad in 'n mate die sending gefundeer word. As verkondiging van die skeppende Woord wat in ons chaos ingedaal het, bring die sending ook orde. Maar onbegryplik slaan mens jou wenkbroue op as net 'n tree verder gesê word dat die grense van rasse, nasionaliteite, kulture en godsdienste oorwin word deur die Chris-

telike geloof. Dit sou ons nog aanvaarbaar kan verstaan. Maar as daarmee bedoel word dat genoemde grense uitgewis moet word – en dit word grootliks bedoel omdat in een asem hiermee gewaarsku word teen volkskerke (bl 192), kan ons net sê: dit rym nie. As sending gefundeer word op die skeppingsverwydering van chaos, maar beoog die uitwissing van grense wat chaos tot gevolg sal hê, rym dit nie. Tog het ek groot waardering vir die erkenning wat aan die anderkant vir die kultuur-eie gegee word. Wanneer die nuwe taak vir die sending uitgespel word, is ek nie meer by nie. Dit is om 'n kritiek van kulture te wees of as dit te veroordelend klink, dan 'n teologie van kulture (bl 197). Aan die wortel van hierdie opvatting lê die gedagte dat die sending die evangeliese uit die kulture moet tap en distilleer as eie voedingsbron.

Die sesde deel wat handel oor die Teologie van die religieuse pluralisme vertoon die eienskappe van die ou ongekerstende godsdienswetenskap. Die Rooms Katolieke bydrae van Panikkar (bl 223) is inderdaad geen reformatoriese, Calvinistiese en Dordtse teologie nie. Nie-christene sou dan nie bestaan nie omdat die "Christene" as skape opgevreet word deur die wêreldwolf; maar dit is 'n groot eucharistie tot behoud van almal!

Die teologie van ontwikkeling en bevryding in die sewende deel bevat fasette van 'n geskiedenisteologie of -filosofie wat modernisering as deel van God se openbaring sien. Weer vind 'n mens iets van 'n diskrepansie tussen die oppervlakkige absolute hoogste waardering vir ontwikkeling en bevryding tot menslikheid in Asië as jy van die onmenslike toestande verneem. Die 21ste hoofstuk, 'n bydrae deur Kuang-hsan Ting, 'n voormalige Anglikaanse biskop in die Volksrepubliek van Sjina, is werklik 'n lesenswaardige en kragtige weerlegging van die kommunistiese stelling dat godsdiens opium vir die volk is.

Samevattend wil ek graag drie opmerkings maak. Eerstens dat in sommige hoofstukke, veral uit die eerstes en die genoemde bydrae van Ting, kry mens tog bevestiging vir die vermoede dat die algemene tendens van die publikasie nie verteenwoordigend is van die enigste teologiese tendense in Asië nie. Tweedens moet ongelukkig gemeld word dat die algemene tendens om skepping en geskiedenis met mekaar in verhouding te bring, wat goed is, nie slaag nie omdat die wese van die sonde nie gediagnoseer is nie. Derdens is dit ongelukkig ook te begrype dat die diepe dimensie van 'n bybelse teologie, die genadeverbond, in 'n sondvloed van humanisme ondergaan.

H G v d Westhuizen

J M van der Linde: De Wereld Heeft Toekomst. Jan Amos Comenius over de hervorming van school, kerk en staat, 285 bls, Kok Kampen 1979, prys onbekend.

Die Tsjeggiese biskop Jan Amos Komensky, wat as 'n pedagoog-didaktikus en teoloog beskryf kan word, is in Suid-Afrika waarskynlik totaal onbekend. Tog is hy 'n interessante figuur wat deur Van der Linde in 'n deeglike en goedversorgde werk in herinnering geroep word.

Comenius, wat op 28 Maart 1592 in Morawië gebore is, het uiteindelik na vele omswerwinge as balling in Amsterdam(Nederland) op 15 November 1670 gesterf. Hy het gestam uit die sogenaamde Unitas-Fratrum of Broeder-Uniteit van Kunwald, wat naas die radikale Taboriete en die gematigde Utraquiste, as derde groep nakomelinge van Johannes Hus gesien kan word. Hierdie Broederskap, waarvan Comenius tot by sy dood biskop was, het nouer skakeling met die Calviniste as met Lutherane gevind en Comenius hat in baie lande bekend gestaan as 'n gereformeerde teoloog.

Hy het 'n sogenaamde pansofie of universele wysheid voorgestaan. Dit was nie bedoel om die teologie te vervang nie, maar as 'n metode op soek na die heelheid:

> "Alle mensen moeten met alle bronnen en middelen die God geeft, gericht worden op een kennen, willen en doen van al wat te weten, te willen en te doen bestaat."

Vanuit sy pansofiese gedagtes het hy die hervorming van skool, kerk en staat benader. Hy het volgehou dat van skool, kerk en staat nie in die meervoud gepraat kan word nie. Hy het daarvan uitgegaan dat die wêreld bedoel was en gegee was as één skool van God, één kerk van God en één staat van God. Ten opsigte van elkeen gee hy sy mening wat nodig is vir die hervorming van elkeen.

By Comenius het daar ook gedagtes voorgekom wat as semi-Chiliasties beskryf kan word. Vermeng met die pansofiese gedagtes het dit hom laat uitsien na 'n moontlikheid dat alle mense en dinge in harmonie sal kan saamleef en die hemelse koninkryk dan reeds op aarde sal kan begin.

Merkwaardig van Comenius was dat hy, ten spyte van vervolging, swaarkry en ballingskap, nooit daaraan getwyfel het dat die wêreld wel 'n toekoms het nie. Die toekoms staan vas en seker op grond van God se daad van herstel in Jesus Christus en die kragtige werking van die Heilige Gees. Miskien het Comenius juis daarom ook vir ons iets te sê.

Schalk Botha

M Regtien: *Het Leven van Jezus Christus. Een Synopsis van de Vier Evangeliën* Boekencentrum, 'S-Gravenhage, 1979 238 pp Prys ongeveer R20,00

Baie aan die positiewe en die negatiewe kant kan van hierdie boek gesê word.

Aan die positiewe kant kan ons sê dat die boek goed en sterk gebind en mooi gedruk is. Daar is ook 'n hele aantal swart-en-wit afdrukke van tekeninge en foto's, wat nie baie goed uitgekom het nie, maar tog van nut kan wees.

Aan die positiewe kant kan ook gesê word dat dit interessant en nuttig is om die vier evangelies op hierdie wyse afgedruk te vind: waar parallelle is, word dit in die vorm van kolomme langs mekaar afgedruk, sodat 'n mens met 'n oogopslag kan sien waar 'n Skrifgedeelte in een of meer van die evangelies voorkom. Die skrywer het ook moeite gedoen om 'n groot aantal vertalings te raadpleeg en ook hier en daar na die Grieks te verwys.

Aan die negatiewe kant is daar baie te sê veral oor die teologie van die skrywer soos dit in voetnotas en langer uiteensettings te voorskyn tree. Hieroor kan soveel gesê word dat ons nie ruimte daarvoor het nie. Ons noem net enkele van die belangrikste:

1 Die skrywer is 'n voorstander van 'n vorm van fundamentalisme wat ons in ons tyd weinig vind. Sy standpunt is dat die Bybel volkome duidelik is en die antwoord op alle vrae gee as ons maar net wil luister na wat die Bybel self sê.
2 Op grond van bepaalde O T tekste (veral Dan 9:25) en die geskiedenis van Sagaria in Lukas 1 bereken die skrywer dat Jesus in die tweede helfte van September in die jaar 4vC gebore is (p 5-6). Hy is gekruisig op Woensdag 25 April van die jaar 31, teen 9h00 en sterf dieselfde dag teen 15h00. Hy word teen die aand begrawe en staan op na "exact" 72 uur in die graf, dit wil sê teen die aand van Saterdag 28 April 31 (p 177-178).
3 Die skrywer onderskryf die gedagte van 'n aardse Millennium en wat daarmee saamgaan (p174).
4 Hy verwerp die Heilige Gees as Persoon. Die "Godfamilie" bestaan uit twee persone, Vader en Seun (p 175).
5 Die fisiese mens is na die beeld en die gelykenis van God geskep (p 176).

P S Dreyer

Dr J H van Wyk: *Die Etiek van Calvyn.* Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, PU vir CHO, 1980. 94 pp

Die boek bestaan uit 'n bibliografie van werke oor die etiek van

Calvyn. Calvyn se eie werke (byvoorbeeld die *Institusie)* is nie opgeneem nie, en ook nie algemeen bekende werke soos Max Weber se *Die Protestantische Ethik* nie. Werke wat opgeneem is, sluit artikels sowel as boeke in.

Eintlik is die boek meer as 'n bibliografie. In baie gevalle is net die skrywer, titel en uitgewer opgeneem, maar in die meeste gevalle word 'n opsomming van die opgenome werk gegee. In 'n aantal gevalle word ook 'n kritiese bespreking gedoen.

Hierdie werkie is nie net handig nie, maar ook belangrik vir elkeen wat 'n studie van Calvyn maak, terwyl dit vir 'n studie van Calvyn se etiek onmisbaar is.

P S Dreyer